
# *Patient Education Column*

# Let me explain So verduidelik ek

*Readers are invited to communicate their views on any aspect of patient education for publication in this column.*

**by Dr Howard Botha**



## *Koorssiektes: Hoe belangrik en hoe gevaarlik*

Die Els-gesin het onlangs 'n nuwe aankomeling beleef. Dit was 'n redelike gekompliseerde bevalling. Op 'n Saterdagoggend op pad van die hospitaal spreekkamer toe, ry ek naby hulle verby. Miskien net 'n bietjie inloer en kyk hoe dit gaan.

Wat eintlik bedoel was net 'n kort kuiertjie te wees, loop uit op 'n breedvoerige gesprek. "Ons is maar almal redelik op loop gesit onlangs oor die baie berigte oor dodelike koorssiektes," en so verduidelikend-geselsend maak ons onsself tuis rondom 'n koppie tee. Eers luister ek net met so 'n halwe oor omdat ek, sonder 'n definitiewe gesondheidsrede, altyd maar 'n bietjie bang is vir te veel melk wat die gasvrou in my tee mag gooi.

Mevrou Els het die wiegie langs haar gesit en is ook miskien bly om 'n slaggie oor iets anders as kraam en klein mensies te gesels. "Ons is 'n gesin wat hou van die buitelewe. Soos dokter weet, het ons juis onlangs 'n karavaan aangeskraf en ons wag net vir die kleintjie om 'n bietjie meer mens te word, dan wil ons graag die lang pad vat. Maar nou lyk dit vir mens of daar op die lang pad dalk groter gevare is as motorongelukke. Of is ek dalk verkeerd?"

Hul opgeskote seun, Koos, begin saam gesels. "My mahulle het nou skoon 'n obsessie gekry oor alles wat 'n mens in die veld kan opdoen. Miskien moet dokter darem vir hulle sê dat nie elke bosluis en elke muskiet een of ander koors veroorsaak nie. Ons Voortrekkers gaan binnekort weer kamp en nou kry ek so half-en-half die gevoel dat mahulle huiwerig is om my te laat gaan."

Meneer Els sit maar so met 'n ietwat geammuseerde glimlag en luister. Te goed weet ek hoe hy elke jaar as die winter kom, sy dinge regkry om vir 'n tydjie Bosveld-toe te gaan; die veldlewe is dus vir hom niks vreemd nie. Die berigte oor koors-probleme die afgelope tyd pla hom darem ook 'n bietjie.

Hy kom dan ook dadelik met sy vraag nader aan die kern van die probleem: "Miskien moet dokter sommer vir ons padlangs vertel wat eintlik die verskillende dinge veroorsaak. Wat is, na alles, die rol wat bosluise, muskiete asook ander insekte, sowel as virusse en ander kieme speel?"

Ek verduidelik eers wat 'n vektor en wat 'n kiem is. So is 'n sekere bosluis die vektor wat met 'n dodelike kiem besmet kan wees. Dit is juis dié bosluis wat die afgelope weke voorbladnuus geword het.

"Ek dink darem dit is normaal vir elke Suid-Afrikaner om vandag verstaanbare belangstelling te hê vir koors en soortgelyke toestande wat 'n mens in die veld kan opdoen.

Benewens die vermoë om jou eie voorkomende maatreëls te tref, is dit ook goed dat elkeen van ons so 'n bietjie weet hoe om selfdiagnose toe te pas. Mense soos julle wat al dikwels na die Laeveld en ook die ander noord-oostelike dele getoer het, weet teen hierdie tyd baie goed wat die stappe is om malaria en sommige ander siektes te verhoed.

Marthie, die dogter met die lang vlegsels, val my in die rede, want een van haar vriendinne het redelik onlangs, ongeveer drie weke na hul tuiskoms van 'n bosveldplaasvakansie, in die hospitaal beland met malaria. "Dokter, hoekom het die dokters nie dadelik geweet dat die koors wat sy gekry het, malaria is nie?"

Ek wil eers vra of die vriendin nie op 'n vroeë stadium aan die begin van die siekte een of ander antibiotikum gebruik het nie. Dit gebeur soms dat 'n pasiënt vir oënskynlike griep so 'n geneesmiddel ontvang en dit het dan die nare gewoonte om die parasiet uit die bloedstroom te jaag sodat dit nie op 'n bloedsmeer ontdek kan word nie. 'n Bloedsmeer wat spesiaal gekleur word bly die mees betroubare metode van diagnose van malaria."

Koos weet ook van 'n geval, waarskynlik iets van 'n ander aard. "Ons ou lang slot, Hendrik du Toit, het 'n week nadat ons uitgekamp het, 'n koors, 'n vreeslike hoofpyn en groot kliere ontwikkel. Hy is toe vir bosluiskoors behandel."

Sonder om skuldig te word van agterna slim te wees, is die naam wat Koos gebruik, dalk foutief. Verkeerde terminologie steek met hierdie siekte dikwels kop uit. "Koos, as jy vir my sê Hendrik het 'n seertjie met 'n swart roof, wat nie te pynlik was nie, op sy onderbeen gekry met redelike pynlike kliere in die lies, moes die diagnose na regte bosluisbytkoors gewees het. Dit word veroorsaak deur die byt van 'n bosluis in die larwe-stadium, met die oorsaaklike kiem wat sy grootte betref, iewers tussen 'n virus en 'n bakterie is."

Almal vra feitlik tegelyk 'n volgende vraag: "Is dit dieselfde bosluis wat die sogenaamde Kongo-koors veroorsaak?"

"Nee, by Kongo-koors is die bontluis-bosluis die vektor. Ons was gelukkig om tot op hede net 'n paar baie ernstige of selfs dodelike gevalle te hê."

Mevrou Els sê sy het nou die oggend met so 'n halwe oor na Monitor geluister, maar sy het nie alles mooi duidelik verstaan nie omdat die baba op daardie oomblik heelwat gehuil het. Sy het onder die indruk gekom dat die siekte maar baie na 'n gewone griepaanval kan lyk.

"Daar's wel 'n sekere mate van waarheid in wat u daar sê. Hierdie siekte is die eerste keer in Suid-Afrika gediagnoseer in Februarie 1981, by 'n jongerige persoon waar die siekte ongelukkig noodlottig geëindig het. Dit is 'n siekte wat net by die mens voorkom. Van twee tot sewe dae nadat 'n mens deur 'n besmette bontpoot-bosluis gebyt is, ontwikkel die simptome. Maar dadelik moet ek sê dat, volgens jongste inligting, vyf uit ses persone geen simpome sal ontwikkel nie. Allerlei variasies wat ons griep noem, word gekry en by sekere mense kan selfs enkelfalitis of breinvliesontsteking intree. Dit was weliswaar die geval toe 8 kinders uit 'n veldskool-groep, hierdie vorm van die siekte ontwikkel het. Eintlik was daar net een kind wat dit in die heel ernstigste vorm gehad het en ook dan daarvan oorlede is. Hierdie ernstige vorm gaan gepaard met bloedings, onder die vel, deur die neus, in die maag en in talle ander organe. In baie van hierdie gevalle kan die lewensreddende serum nog betyds toegedien word en volgens 'n vooraanstaande viroloog beskik Suid-Afrika op die oomblik oor die grootste voorraad van hierdie serum."

Elkeen raak in eie gedagtes versonke. Eintlik nooit gedroom dat 'n bosluis so 'n ernstige siekte kan veroorsaak nie. Wanneer ek vertrek, laat ek hulle toe met die gerusstelling dat hierdie en ander koorssiektes wat mens in ons veld mag opdoen, in erge graad baie skaars is en ook selde noodlottig. Mits, natuurlik, ons nooit ons voorsorgmaatreëls nalaat nie.

